

Donderdag 15 Oktober

Skrifgedeelte: Sefanja 2:4-7

Fokusgedeelte: Sefanja 2:7

Bly volhard, want die Here hou by sy verbond

In die voorafgaande deel van Sefanja het die Here sy oordeel en redes vir sy oordeel teenoor Juda aangekondig. In die volgende deel (2:4-15) rig die Here Hom nou tot die nasies omliggend van Juda. In vers 4-7 gee die Here nie direkte redes vir sy oordeel teen die volke aan die kusgebiede van die Middellandse See (wes en suidwes van Jerusalem) nie. Die rede kan ons aflei uit vers 5: die gebied van die Filistyne word Kanaän genoem. Hierdie gebied is 'n deel van Kanaän wat Israel oënskynlik nog nooit finaal kon oorwin nie. Die Filistyne wat sedert die Rigters-tydperk vir Israel groot probleme besorg het, woon steeds daar!

Die belofte dat die Here nou hierdie stede en gebiede gaan ontvolk en verlate maak, moes vir Juda soos 'n groot aansporing wees om te reageer op die Here se oproep in vers 1-3 om tot inkeer te kom. Dit word veral beklemtoon in vers 7 as die Here wys dat daar 'n oorblyfsel uit Juda sal wees. 'n Belofte dat God die volk nie totaal sal vernietig nie. Daar sal nog oorbly, al is dit min.

Hulle wat tot inkeer gekom het en in nederigheid die wil van die Here gehoorsaam het, sal sonder vrees of verhinderende die Kanaän-kusgebiede bewoon wat voorheen deur van hulle vyande beset is. Daar sal die Here deur sy Gees na hulle omsien, sal Hy hulle neerlê in groen weivelde. So hou Hy by sy verbond met hulle uit louter genade.

Uit hierdie oorblyfsel van Juda hou God ook by sy verbond om in Christus volkome versoening te bring vir elke gelowige! Deur sy Gees lei Hy ons om te midde van moeilike tye te bly volhard, al voel ons soms min, totdat Hy ons ooreenkomstig sy verbond sal laat rus in die groen weivelde van die ewige heerlikheid.

Sing: Psalm 23-1:1, 3

Ds. J Dunn (Johan) (Mariental-Keetmanshoop)